



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2026

REKENINGKUNDE V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n formuleblad
en 'n 11-bladsy antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
1	Maatskappy Finansiële State	60	55
2	Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers	40	30
3	Begrippe en Vertolking van Finansiële State	35	25
4	Korporatiewe Bestuur	15	10
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE**(60 punte; 55 minute)**

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van Talison Bpk. geneem. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2026 geëindig. Die besigheid dryf handel met luukse reistasse.

GEVRA:**1.1 Verwys na Inligting A en B.**

Bereken die drawaarde van vaste bates op 28 Februarie 2026. (11)

1.2 Stel die Behoue Inkomste-nota op. (7)

1.3 Stel die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026 op. (20)

1.4 Stel die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2026 op. (22)

LET WEL:

- Sommige bedrae is in die ANTWOORDEBOEK ingevul.
- Ontbrekende syfers in die gekleurde gedeeltes moet nie ingevul word nie.
- Toon ALLE bewerkings tussen hakies.

INLIGTING:**A. Tasbare Bates:**

	Grond en geboue	Voertuie	Toerusting
Kosprys		1 050 000	596 000
Opgehoopte waardevermindering			(304 000)
Drawaarde (1 Maart 2025)	26 488 000	628 750	?
Bewegings			
Toevoegings	0	0	114 000
Verkope	(398 000)	(270 625)	0
Waardevermindering		?	(104 000)
Drawaarde (28 Februarie 2026)	?	?	?
Kosprys		600 000	710 000
Opgehoopte waardevermindering			

- Waardevermindering word soos volg bereken:
 - op voertuie teen 15% p.j. op kosprys
 - op toerusting teen 20% p.j. op die verminderde saldo-metode
- 'n Voertuig is op 30 November 2025 vir R295 625 verkoop. Die opgehoopte waardevermindering op hierdie voertuig was R128 750 op 1 Maart 2025.
- 'n Ongebruikte gedeelte van die grond is op 30 Junie 2025 verkoop.

B. Uittreksel uit die rekeningkundige rekords op 28 Februarie:

	2026 R	2025 R
Balansstaatrekeninge		
Vaste deposito: Tshongolene Bank	?	
Gewone aandelekapitaal	18 400 000	16 800 000
Behoue inkomste	?	4 018 500
Vaste bates (drawaarde)	?	
Lening: Twist Bank	?	?
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	2 850 750	
Krediteurekontrole	1 351 000	
Aandeelhouders vir dividende	?	260 000
Debiteurekontrole	5 674 300	
Handelsvoorraad	2 152 800	
Voorsiening vir oninbare skuld		19 475
Bank (ongunstig)	?	
Nominale rekeninge		
Verkope	?	
Koste van verkope	?	
Direkteursfooie	1 065 000	
Huurinkomste	115 175	
Ouditfooie	66 725	
Gewone aandeledividende	300 000	
Oninbare skulde	10 160	

C. Aansuiwerings en addisionele inligting:

- (i) Die winsopslag wat behaal is, is 140% op kosprys. Die korrekte bruto wins op 28 Februarie 2026 is R12 188 750.
- (ii) Talison Bpk. gebruik die EIEU-metode om 'n stel van hul nuut bekendgestelde luukse sakke se waarde te bereken. Die eindvoorraad van hierdie goedere is weggelaat op die finale voorraadsyfers in die uittreksel in inligting B. Hul rekords is soos volg:

	Hoeveelheid (eenhede)	Eenheids- prys	Totale koste
Voorraad voorhande op 1 Maart 2025	400	R450	R180 000
Aankope gedurende die jaar	4 420		2 168 600
10 Maart 2025	1 020	R480	489 600
18 Julie 2025	1 400	R485	679 000
05 November 2025	2 000	R500	1 000 000
Terugsendings	120	R500	
Voorraad voorhande op 28 Feb. 2026	620		

- (iii) Huur is op 1 September 2025 met 10% verhoog. Die huurder was ongelukkig oor die verhoging en het gedreig om die gebou 'n paar maande na die verhoging te ontruim omdat hy gevoel het dat die verhoging bo die inflasiekoers was. Talison het ingestem om die verhoging met ingang van 1 Januarie 2026 tot 5% te verminder. Huur vir Maart is ook ontvang en aangeteken.

- (iv) R4 510 is ontvang en aangeteken uit die insolvente boedel van 'n debiteur wat 55 sent in rand uitbetaal het. Die res moet as oninbaar afgeskryf word.
 - (v) Talison Bpk. het 85% van die ouditfooie betaal. Maak voorsiening vir die uitstaande fooie.
 - (vi) Talison Bpk. het drie direkteure gehad wat dieselfde fooi aan die begin van die finansiële jaar verdien het. Twee verdere direkteure is op 1 Oktober 2025 aangestel, elk wat 'n maandelikse fooi van R6 000 minder as die bestaande direkteure verdien het. Twee, van die drie direkteure is aan die begin van die jaar, hul fooie vir Maart en April 2026 vooruitbetaal.
 - (vii) Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R21 710 verhoog word.
- D. 'n Vaste deposito van R468 750 sal op 1 Julie 2029 verval. Dit is 75% van die huidige vaste deposito. Die res sal op 31 Julie 2026 verval.
- E. Die lening van Twist Bank sal met 'n kapitaalgedeelte van R572 000 in die 2027 finansiële jaar verminder word.
- F. Die volgende aanwyser is op 28 Februarie 2026 bereken nadat alle aansuiwerings verwerk is:
- Skuld-ekwiteit-verhouding 0,2 : 1
- G. Inkomstebelasting vir die jaar is teen 30% van die netto wins bereken.

H. Aandelekapitaal en dividende:

Datum	Besonderhede
1 Maart 2025	70% van die gemagtigde aandelekapitaal van 1 600 000 gewone aandele was in uitreik.
31 Julie 2025	120 000 gewone aandele is teruggekoop van 'n ontevrede aandeelhouer vir R2 250 000 en sou nie meer vir dividende kwalifiseer nie.
31 Augustus 2025	'n Tussentydse dividend is betaal.
31 Oktober 2025	200 000 gewone aandele is uitgereik.
28 Februarie 2026	'n Finale dividend van 46 sent per aandeel is verklaar.

VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS**(40 punte; 30 minute)**

Die inligting het betrekking op Abukwe Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2026.

GEVRA:

2.1 Voltooi die Versoening van Wins voor belasting en kontant gegenereer uit bedrywighede-nota op 28 Februarie 2026. (11)

2.2 Stel die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026 op.

- Kontantvloeï uit bedryfsaktiwiteite (6)
- Kontantvloeï uit finansieringsaktiwiteite (4)
- Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)

2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2026:

- % opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang (OOAB) (4)
- Verdienste per aandeel (VPA) (3)
- Vuurproefverhouding (4)
- % bedryfsuitgawes op verkope (2)

2.4 **Verwys na inligting B en C.**

Die besigheid oorweeg dit om sy eie perseel vir R2,5 miljoen te bou in plaas daarvan om een by Primadle Properties se geboue in Durban, te huur.

Watter befondsingsopsies kan die maatskappy oorweeg sonder om 'n bykomende lening aan te gaan? Verskaf TWEE bronne met syfers. (2)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026:

Verkope	5 035 800
Waardevermindering	R401 000
Bedryfsuitgawes	1 107 876
Rente op lening	R77 300
Netto wins na belasting	1 405 600
Inkomstebelasting	30%

B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie soos op:

	28 Februarie 2026	29 Februarie 2025
	R	R
Aandeelhouersekswiteit	5 683 000	4 940 300
Gewone aandeelkapitaal	4 650 000	
Behoue inkomste	1 033 000	
Vaste bates (teen drawaarde)	5 244 000	3 936 000
Finansiële bates (Vaste	1 400 000	1 650 000
Lening: East Bank (9% per	850 000	545 000
Bedryfsbates	1 014 230	1 067 600
Kontant en	8 200	124 500
Vorrade	558 230	436 000
Handels en ander	450 720	507 100
SAID (Inkomstebelasting)	24 080	0
Bedryfslaste	1 125 230	1 168 300
Krediteurkontrole	542 000	650 000
Vooruitontvange Inkomste	-	19 000
Opgehoopte uitgawes	40 020	-
SAID (Inkomstebelasting)	0	28 400
Bankoortrekking	51 710	0
Aandeelhouers vir dividende	466 500	437 000

C. Addisionele inligting:**(i) Vaste bates:**

- Gedurende die jaar het die maatskappy nuwe toerusting aangekoop.
- Die maatskappy het 'n ou voertuig teen die boekwaarde van R150 000 verkoop.

(ii) Aandele en Dividende:

- Die gemiddelde prys van aandele op 1 Maart 2025 was R3,00 per aandeel.
- Geen aandele is gedurende die jaar teruggekoop nie.
- 450 000 aandele is op 1 Julie 2025 uitgereik. Die uitreikprys was 25% bo die huidige gemiddelde prys van aandele.
- Tussentydse dividende van R385 000 is op 31 Oktober 2025 verklaar en aan aandeelhouers betaal.
- 'n Finale dividend is aan die einde van die jaar verklaar.
- 1 700 000 aandele was op 28 Februarie 2026 in uitreik.

VRAAG 3: BEGRIPPE EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING**(35 punte; 25 minute)****DODO BPK. en POKOLINA BPK.****LET WEL:** Waar **kommentaar of verduidelikings** benodig word, moet jy:

- Finansiële aanwysers en tendense met syfers aanhaal
- 'n Rede of verduideliking gee vir die finansiële aanwysers wat aangehaal word

GEVRA:

- 3.1 Kies die kategorie van aanwysers uit die gegewe lys wat by die volgende beskrywings pas. Skryf slegs die naam van die kategorie langs die vraagnummers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Solvensie; Likiditeit; Opbrengs aan Aandeelhouders; Bedryfsdoeltreffendheid; Risiko en Hefboomfinansiering

3.1.1 Bestuur die besigheid sy uitgawes effektief om winsgewendheid te verhoog?

3.1.2 Sal die maatskappy in staat wees om sy huidige skuld af te betaal?

3.1.3 Is die belegging in die maatskappy beter as om in 'n vaste deposito te belê?

(3)

3.2 **Bedryfsdoeltreffendheid:**

Lewer kommentaar oor die bedryfsdoeltreffendheid van EEN maatskappy wat 'n verbetering in die bestuur van sy uitgawes getoon het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan.

(4)

3.3 **Likiditeit:**

Verduidelik hoe die kredietbeleid die likiditeit van Dodo Bpk. verbeter het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan.

(4)

3.4 **Dividende, verdienste en opbrengste:**

- Lewer kommentaar oor die dividenduitbetalingsbeleid van Dodo Bpk. en Pokolina Bpk. Watter maatskappy se verandering in beleid is onverantwoordelik en waarom?

(8)

- Behoort die persentasie opbrengs wat Pokolina Bpk. verdien, die aandeelhouders tevrede te stel? Verduidelik deur 'n relevante finansiële aanwyser aan te haal.

(4)

3.5 Aandeleprys:

Lewer kommentaar oor die redes vir die huidige prestasie van die aandeleprys vir elke maatskappy op die Johannesburg Sekuriteitebeurs (JSE). Verskaf TWEE finansiële aanwysers. (6)

3.6 Aandeelhouding van Tobile Lester in beide maatskappye:

Verskaf 'n berekening om die effek te toon wat die aankoop van aandele in Pokolina op Tobile se persentasie aandeelhouding gehad het. (4)

3.7 Finansieringstrategie:

Dodo Bpk. het besluit om die lening nie verder te verhoog nie, maar om 'n groot deel van die lening gedurende die 2026-finansiële jaar terug te betaal.

Lewer kommentaar om hierdie stelling te bevestig. Verskaf EEN finansiële aanwyser. (2)

INLIGTING:**A. Agtergrondinligting:**

Die inligting het betrekking op Dodo Bpk. en Pokolina Bpk., wat in dieselfde bedryf bedrywig is, vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026.

AGTERGRONDINLIGTING:

- Beide maatskappye dryf handel in die bosboubedryf. Die finansiële jaar eindig op die laaste dag van Februarie elke jaar.
- Tobile Lester, die hoof van Menslike Hulpbronne, is 'n aandeelhouer in beide maatskappye. Op 1 September 2025 het sy die direksie van Dodo Bpk. oortuig om 150 000 van haar aandele terug te koop. Sy het die geld wat sy ontvang het, gebruik om bykomende aandele in Pokolina Bpk. te koop.

LET WEL: Hierdie transaksies het aan die begin van die finansiële jaar plaasgevind.

B. Aandelekapitaal:

	Dodo Bpk.		Pokolina Bpk.	
	2026	2025	2026	2025
Totale aantal uitgereikte aandele	650 000	800 000	1 000 000	850 000
Aandele deur Tobile besit	?	401 000	?	400 000
% Aandeelhouding in elke maatskappy	?	50,1%	?	47,06%

C. Finansiële aanwysers, markpryse en rentekoerse van aandele:

	DODO BPK.		POKOLINA BPK.	
	Feb. 2026	Feb. 2025	Feb. 2026	Feb. 2025
Aandeelhouersbelang	R12 500 000	R15 500 000		
% bedryfsuitgawes op verkope	16,1%	22,3%	21,9%	14,4%
% netto wins na belasting op verkope	15,8%	11,2%	10%	12,5%
Debiteure-invorderingsperiode	30 dae	38 dae		
Krediteure-betalingsperiode	60 dae	50 dae		
Bedryfsverhouding	2,1 : 1	2,0 : 1		
Voorraadomsigingsnelheid	4 keer	4 keer		
Skuld-ekwiteitsverhouding	0,3 : 1	0,5 : 1	0,8 : 1	0,5 : 1
% opbrengs op kapitaal aangewend	20,6%	17,0%	19,8%	15,2%
% opbrengs op aandeelhouersbelang	15,3%	12,7%	16,9%	13,1%
Netto batewaarde per aandeel	169 sent	156 sent	509 sent	537 sent
Verdienste per aandeel	112 sent	96 sent	216 sent	195 sent
Dividende per aandeel	134 sent	78 sent	138 sent	92 sent
Dividenduitbetalingskoers	119,6%	81,3%	63,9%	47,2%
Rente op alternatiewe belegging	14%		14%	
Markprys van aandele	153 sent		550 sent	
Rentekoers op lenings	9%	9%	9%	9%

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR**(15 punte; 10 minute)**

Jy word voorsien van 'n uittreksel van 'n artikel oor bedrieglike korporatiewe rekeningkundige aktiwiteite.

Beantwoord die volgende vrae deur die gegewe inligting en korporatiewe bestuurskennis wat jy deur jou rekeningkundige studies opgedoen het, te gebruik.

- 4.1
- Verduidelik TWEE gevolge van korporatiewe rekeningkundige bedrog anders as dié wat in die uittreksel genoem is. (2)
 - Verduidelik waarom dit belangrik vir eksterne ouditeure is om bedrieglike inskrywings wat in die finansiële state tydens hul audit geïdentifiseer is, aan te meld. Gee DRIE punte. (3)
 - Verduidelik die betekenis van die term *bankrotskap*. (2)
- 4.2 Eksterne ouditeure moet vir publieke maatskappye aangestel word.
- Verduidelik waarom publieke maatskappye deur eksterne ouditeure geaudit moet word. Noem TWEE punte. (4)
- 4.3 Die direksie wil boumateriaal van 'n sekere hardewaremaatskappy koop vir R3 miljoen. Jy ontdek dat die HUB se seun 'n meerderheidsaandeelhouer van die hardewaremaatskappy is.
- Spreek jou mening uit oor die bogenoemde scenario. Verskaf EEN punt.
 - Hoe moet hierdie scenario deur 'n direksie of deur aandeelhouers hanteer word? Verskaf EEN punt. (4)

Artikel: Rekeningkundige bedrog en auditrisiko van Pulenik Bpk.:

Twee massiewe Amerikaanse korporasies, Thorrio en Bumico, het in die laat 1900's ineengestort omdat hulle hul skuld deur middel van Spesiale Doelentiteite weggesteek het en miljarde in bedryfsuitgawes (sonder ondersteunende dokumente) gekapitaliseer het om winste op te blaas en beleggers te mislei. Dit het tot groot bankrotskap, kriminele aanklagte vir bestuurders en die ondersoek na korporatiewe etiek gelei. Solly Fegurson, die hoofouditeur van die twee maatskappye, het die bedrog blootgelê.

[Aangepas]

15**TOTAAL: 150**

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien nota 1 hieronder)	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien nota 2 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien nota 3 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
Totale vaste koste Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid	
LET WEL: - Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word. 365 dae is slegs van toepassing indien dit relevant tot die hele jaar. - Krediet aankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly). - Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegde gemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.	